# HERBESINNING OOR DIE BETEKENIS EN FUNKSIONERING VAN DIE STADSPOORT GEDURENDE DIE YSTER II-TYD IN OU ISRAEL[1]

A Coetzee[2]

## OPSOMMING

In hierdie artikel word geargumenteer dat die stadspoort en - muur gedurende die Yster II-tyd, deel gevorm het van die Ou-Israelitiese fortifikasie netwerk. Omrede die poort en muur geklassifiseer word as fortifikasie, lei dit tot die gevolgtrekking dat dit uitsluitlik vir sekuriteit of militêre doeleindes aangelê is. Vanuit hierdie veronderstelling sien baie geleerdes 'n ontwikkeling in fortifikasie vanaf die seskamerpoort en kasematmuur tot die vierkamerpoort en die in- en uitspring muur.

Hierteenoor argumenteer die skrywer dat verskillende fortifikasiestrukture gelyktydig voorgekom het en dat dit nie moontlik is om so 'n nougesette evolusionêre ontwikkeling gedurende die Yster II-tyd te handhaaf nie. Die voorkoms van die stadspoort en -muur verteenwoordig 'n kompromie tussen militêre, ekonomiese en sosiale faktore en is die gevolg van die kultuur en geografie waarin dit voorkom.

## SUMMARY

Rethinking the meaning and functioning of the city gate during the Iron Age II in Israel

In this article it is argued that the gate and wall were part of the fortification of the Israelite cities during the Iron Age II. Classified as fortification, some

1 Hierdie artikel word opgedra aan Prof. D. N. Pienaar se bydrae as Eksamenkommisielid van die Kuratorium op Stellenbosch. Dit is 'n verwerking van die skrywer se B. D. skripsie soos aanvaar deur die Departement Ou- en Nuwe Testament van die Universiteit van Stellenbosch.

2 Mnr. A. Coetzee, Dept. Ou en Nuwe Testament, Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600. Die skrywer was betrokke by die opgrawe van die stadspoort van Khirbat al-Mudaiyina geleë langs die Wadi eth-Themed, veertig kilometer suid-oos van Amman naby die klein dorpie Jiza, in Sentraal-Jordanië. Die groep Suid-Afrikaners was onder leiding van Prof. J. P. J. Olivier van die Departement Ou- en Nuwe Testament, Universiteit van Stellenbosch. Die opgrawing projek vind plaas onder leiding van Dr. Michèle Daviau, professor in Nabye Oosterse Argeologie, Wilfred Laurier Universiteit (Waterloo, Ontario, Kanada) en die streeksargeologie onder leiding van Prof. Andrew Dearman van die Austin Presbiteriaanse Teologiese Seminarium (Austin, Texas).

scholars are of the opinion that the city gate and wall were built for this purpose only. These scholars generally conclude that there is a rigid scheme of development from the casemate wall and six-chambered gates to the massive in and offset walls and four-chambered gates.
Instead of the above rigid scheme based on a single functional factor, the variety of fortification methods that existed, simultaneously and side by side should be emphasised. These fortification methods are products of culture and were chosen as a result of military, economic, strategic and social considerations.

## INLEIDENDE OPMERKINGS

1. Die stadspoort[3] was een van die mees imposante komponente van die Ou-Israelitiese stad[4]. Daar kan met reg gesê word dat die "lewe" in die stad daar gekonsentreer was (Mazar 1990:467, Wright 1985:191 en Otto 1995:188). Om hierdie rede vergelyk Wright (1985:191), Evans (1962:1-12) asook Otto (1995:196-197) dit met die markplein van die Griekse stad.

Vir die inwoners van die stad was die poort die kontak met die buitewêreld. Uit 'n militêre hoek was die poort die swak punt in die stad se verdedigingsnetwerk. Nie net het die poort die stadsmuur onderbreek nie, maar het dit toegang verleen tot die stad se straatstelsel (De Geus 1984:35). Simbolies gesien, was die stadspoort die simbool van mag en trots van 'n stad (Wright 1985:198; Otto 1995a:188-189).

Herzog (1992c:271) bevestig bogenoemde standpunt met sy vergelyking tussen die stadspoorte van die Yster II-tyd en Middel Brons-tyd. Gedurende die Yster II-tyd is die funksionele aanwending van die stadspoort prominent. In beide hierdie periodes word kamers aan beide kante van die poort gevind. Gedurende die Middel Brons II-tyd was dit toegebou met klein openinge wat uitloop in die poort, maar gedurende die Yster II-tyd is die poortkamers almal

3 Vir 'n volledige leksikografiese bespreking van die term שַׁעַר, sien HAL III (Koehler en Baumgartner 1990:1491-1494).

4 Die gebruiklike woord vir stad in Hebreeus עִיר "ir". Vanuit die verskillende betekenisvelde van die term is dit duidelik dat dit meer fokus op die stad se verdedigingstrukture soos die poort, torings en mure. Hieruit kan geen afleiding gemaak word wat die grootte, inwonertal, belang en aard van stede in Ou-Israel was nie (Frick 1977:39). Vir 'n volledige leksikografiese bespreking van die term עִיר, sien HAL III (Koehler en Baumgartner 1983:776-778) en vir 'n bespreking oor die rol van gefortifiseerde stede in Israel gedurende die regeringsjare van die Omriede dinastie, sien Pienaar (1981:151-157).

oop en front die poort. Die feit dat die Yster II-tyd poortkamers oop was, die grootte daarvan en die klipbanke wat in sommige poorte gevind is, toon die kontras met die Middel Brons-tyd poort wat alleenlik aangewend is vir militêre doeleindes. Gedurende die Yster II-tyd vervul die poort in vredestye 'n belangrike funksie in die daaglikse lewe van die inwoners van die stad.

2. Die problematiek waarmee die skrywer gekonfronteer word, is eerstens dat sommige geleerdes (veral Yadin 1963) van mening is dat die vorm en funksie van die stadspoort gedurende die Yster II-tyd direk die gevolg van oorlogvoering was[5]. As gevolg hiervan word daar 'n bepaalde ontwikkeling in die argitektuur van stadspoorte bespeur. Hierdie argument is hoofsaaklik die gevolg van 'n oorbeklemtoning van die konflikmodel, waarvolgens die dinamika binne 'n bepaalde kultuur in terme van interne konflik verduidelik word. Die gevolg van hierdie aanname is dat die sosiale funksie van die stadspoort gereduseer word.

Tweedens is daar 'n oorbeklemtoning van die evolusionêre ontwikkeling van stede binne die Ou Nabye Ooste[6] (soos byvoorbeeld Frick 1977:9-19 asook de Geus 1984:140)[7]. Die gevolg van hierdie aanname is dat daar 'n duidelike oorgang van die seskamer- na die vierkamerpoort gesien word.

5 Vir 'n volledige bespreking teen hierdie argument sien Herzog (1992b: 884-852; 1992c:253; 1997:321). Die gevolgtrekking kan wel gemaak word dat die aard van fortifikasie bepaal is deur 'n hele aantal faktore, byvoorbeeld: militêr, polities, ekonomies, demografies en ideologies. Die voorkoms en kombinasie van hierdie faktore het afgehang van die tydvak waarbinne die stadspoort voorgekom het (Herzog 1992c en 1997:321).

6 Wright (1985:172) onderskei drie periodes in die ontwikkeling van stedelike fortifikasie, wat die skrywer as belangrik ag:
* die buitengewoon massiewe mure van die Vroeë Brons-tyd
* onafhanklike stad-state gedurende die Middel Brons-tyd
* die Yster-tyd waarin stede vir 'n spesifieke doel gefortifiseer is.

7 Hierdie twee geleerdes sluit hoofsaaklik aan by Gordon Childe (1950:3-17) se definisie van 'n stad, wat hulle as omvattend en voldoende vir die term "stad" in die Ou Testament beskou. Hierdie definisie is tipies van die "trait-complex" benadering (Wheatley 1972:612) en is hoofsaaklik evolusionêr van aard (Eisenstadt & Sachar 1987:25-27). "Childe's theory of primary urbanisation has begun to be challenged by the present generation of scholars because the empirical evidence from recent archaeological excavations appeared to disprove the neat sequence of sedentariness, agriculture, and primary urbanisation" (Eisenstadt & Sachar 1987:25-27).

Bogenoemde uitgangspunte is hoofsaaklik die gevolg van 'n bepaalde konsepsie van geskiedskrywing waarvolgens geskiedenis fokus op kultuurbreuke, monumentale bouwerke en uitstaande gebeure. Patte (1975:8) beskryf bogenoemde benadering as *salient history* en Levy en Holl (1995:4) resorteer dit onder *histoire evenementielle*.

3. Hierdie faktore gee aanleiding tot die formulering van die volgende navorsingsprobleem.

- Wat is die wesenlike kenmerke van 'n tipiese stadspoort gedurende die Yster II-tyd ?
- Wat was die funksie van die stadspoort gedurende die Yster II-tyd ?
- Wat was die faktore wat aanleiding gegee het tot die oprigting van stadspoorte gedurende die Yster II-tyd?

4. Vanuit bogenoemde kan die volgende navorsingshipotese geformuleer word: Die stadspoort het gedurende die Yster II-tyd hoofsaaklik 'n tregter funksie vervul, naamlik: sosiaal-ekonomies en militêr van aard afhangende van die sosiale, politiese, ekonomiese en ekologiese toestande. Hierdie funksies word hoofsaaklik toegeskryf aan die manier waarop die gemeenskap ruimte ervaar en georden het (Olivier 1996: 249-260).

Die stadspoort dien ook as sekondêre bewys van organisasie en sentralisasie binne 'n bepaalde volk of koninkryk (Dever, Thompson en McCarter soos gesien in Shanks 1997:26-66).[8]

5. 'n Studie soos hierdie kan uit verskillende invalshoeke benader word. Dit kan die vorm van 'n meer semantiese studie aanneem waar leksikale gegewens in die verskillende korpora Ou-Testamentiese literatuur bestudeer word. Hier word die meer histories-georiënteerde benadering gevolg wat die wêreld agter die teks gegewens in die breë historiese kontinuum navors aan die hand van vrae wat nie summier deur die teks beantwoord word nie. Dit berus op bepaalde inferensies wat aan die hand van modelle of analogieë gemaak word.

Om bogenoemde rede aard hierdie studie die beste binne die raamwerk van die Annale skool met hul klem op die longue durée, veralgemening en breë insigte. Hiervolgens word die strukture van die gemeenskap blootgelê wat gevorm word deur die omgewing en klimaat, ekonomie en handel, samele-

8 Hierdie argument word ook ondersteun deur LaBianca en Younker (1995:408-410) asook Deist en Le Roux (1987:74). Hierteenoor huldig Lemche (Shanks: 26-66) nie dieselfde standpunt nie. Hy is van mening dat dit slegs sentralisasie rakende die argitektuur aantoon.

wingsorganisasies en stratifikasiebeginsels, ensovoorts, soos dit oor die eeue heen gestalte kry. Om hierdie inligting te bekom, word gebruik gemaak van insig uit ander dissiplines soos die antropologie, sosiologie, natuurwetenskappe, ensovoorts (Levy & Hall 1995:2). Binne hierdie benadering moet die skrywer sy kreatiewe verbeelding gebruik en met sekere analogieë alle moontlike bronne ontsluit (Olivier 1994:172). Op hierdie manier kan gerekonstrueer word hoe die stadspoort gedurende die Yster II-tyd gefunksioneer het in Ou Israel.

Volgens Oppenheim (1964:125-126) is die stadspoort die produk van die fisiese behoeftes en aspirasies van 'n sekere gemeenskap binne 'n sekere omgewing en tyd. "The arrangement of the ... intracity arteries of communication and fortification reflect the needs as well as the aspirations of the community as they find their realisation within the existing frame of the ecological and technological contingencies of the period and region " (Oppenheim 1964:125-126).

Hiervolgens kan geargumenteer word dat aard en funksie van die stadspoort gedurende die Yster II-tyd slegs bepaal kan word indien die ekologiese en tegnologiese omstandighede van die tyd en omgewing in ag geneem word. Om dit te doen, word daar hoofsaaklik uitgegaan van wat Cohen (soos gesien in Eisenstadt & Shachar 1987:38) die gebieds- en simboliese benadering noem.

Volgens die territoriale benadering "urban space is organised in order to achieve tight internal security and more complete political domination of the city. Many city sites were originally chosen because of their topographical situation. In dominating surrounding areas they were best suited for defence against nomads and external enemies. Within the city the alignment of walls, the position of gates (an approach to them), and streets patterns were determined chiefly by security and control considerations. The citadel is the prime example of this approach. Its size, shape, and relations to the rest of the city reflect not only considerations of external defence but the ruler's need to dominate the city itself" (Cohen soos gesien in Eisenstadt & Shachar 1987:38).

Om hierdie benadering aan te vul, word die stadspoort ook bestudeer vanuit die simbolies-estetiese benadering. Hierdie benadering het twee belangrike aspekte, naamlik: "the application of aesthetic criteria to the shape of the city and the individual section and buildings within it, and the application of moral and religious criteria to the design of a city and its various components.

Thus an entire city could be regarded as a holy place, within various sites possess different degrees of sanctity" (Cohen soos gesien in Eisenstadt & Shachar 1987:38).


## DIE STADSPOORT GEDURENDE DIE YSTER II-TYD

1. Daar het basies twee tipe poorte gedurende die Yster II-tyd voorgekom, naamlik die seskamer- en die vierkamerpoort (sien Figuur 1). Die seskamerpoort, wat baie omvangryk was en waarvan ses al gevind is, word by Hasor, Megiddo, Geser, Asdod, Lagis en Tel 'Ira aangetref. Hierdie poort word ook die Salomoniese poort genoem omdat De Geus (1984:36), Yadin (1963:322-323), Mazar (1990:469) asook Dever en McCarter (soos gesien in Shanks 1997:28-42) van mening is dat dit gedurende die tiende eeu v.C. deur Salomo gebou is (De Geus 1984:36).

Hierteenoor argumenteer Herzog (1992c:274) dat die seskamerpoort vanaf die tiende eeu tot die einde van die agste eeu in gebruik was. Hoewel hierdie poorte sekere tipologiese ooreenkomste het, verskil hulle van mekaar in grootte en konstruksie (Herzog 1992c:272) (sien Tabel 2, Herzog 1992c:268). Hierdie tipe poort was by Lagis vyf-en-twintig meter lank en vyf-en-twintig meter breed. Aan weerskante van die twintig meter lange poort word drie wagkamers gevind.

Die tweede tipe poort is heelwat kleiner, maar breër met slegs een of twee wagkamers aan beide kante van die deurgang (De Geus 1984:36). Die vierkamer-poort het voorgekom by Tel Dan, Berseba, Megiddo, Dan, Dor en Timna (Mazar 1990:469). Weer eens is daar groot verskille tussen die poorte ten spyte van sekere tipologiese ooreenkomste. Hierdie tipe poort word reg deur die Yster II-tyd, vanaf die elfde eeu v.C., die vierkamer-poort by Asdod (Herzog 1992c:274) (sien Tabel 3, Herzog 1992c:268).

Figuur 1: Grondplan van Yster II stadspoorte: ( A ) Dan, ( B ) Berseba, ( C ) Megiddo Stratum III, ( D ) Tel en-Nasbeh, ( E ) Tel Batash Stratum III (Mazar 1990:468).




De Geus (1984:36), Yadin (1963:322-323), Mazar (1990:469) asook Dever en McCarter (soos gesien in Shanks 1997:28-42) argumenteer dat die Salomoniese poort veral in die laaste helfte van die tiende eeu v.C. voorgekom het, en toe in die negende eeu v.C. vervang is met die kleiner vierkamerpoort. Hierteenoor is Herzog (1997:325) van mening dat beide poorte gesamentlik voorgekom het en dat dit afgewissel is, afhangende van die omstandighede waar en wanneer die stad gebou is. Die argument van Finkelstein (1996:177-187)[9] asook Ussishkin (1980: 1-18)[10] dat die seskamerpoort by Megiddo gedurende die tyd van Omri gebou is versterk Herzog se siening.

9 Op grond van die Filistynse "Bichrome" erdeware en die resultate van die opgrawings by

Hoewel Dever, Thompson en McCarter (Shanks 1997:26-66) beweer dat die stadspoort as sekondêre bewys dien van organisasie en sentralisasie binne 'n bepaalde volk of koninkryk, stem Herzog (1992c:274) nie hiermee saam nie. Volgens hom is die verskille te groot tussen die verskillende konstruksies om enige beplanning aan te toon (sien Tabel 2 en 3, Herzog 1992c:268). Die skrywer verskil van Herzog en huldig die argument van eersgenoemde geleerdes. Dit wil voorkom of Herzog nie metodologies konstant is op hierdie punt nie, omdat hy nie al die bepalende faktore wat die aard van fortifikasie bepaal in berekening bring nie.

Die aantal poorte wat 'n stad gehad het, het afgehang van die periode waarin dit voorgekom het, die topografie, die posisie daarvan binne die koninklike administrasie[11] en die behoeftes van die stad. Gedurende die Yster-tyd het

Arad en Jisreël, stel Finkelstein (1996:177187) 'n alternatiewe datering van die vroeë Yster II-tyd voor. Volgens sy latere kronologie is Stratum V A-VI B by Megiddo, Stratum XI by Arad en Stratum V by Berseba almal deel van die negende eeu v.C. Hiervolgens word die tiende eeu verteenwoordig deur Stratum VIA by Megiddo, Stratum XII by Arad en Stratum VII by Berseba. Hierdie kronologiese gegewens het tot gevolg dat die seskamer stadspoort by Megiddo opgerig is deur Omri en nie Salomo nie. Dever (soos gesien in Shanks 1997:28-42) verskil van hierdie argument, en dateer die seskamerpoort gedurende die tyd van Salomo.

10 Sien ook Finkelstein en Ussishkin (1994:28-49) waar dieselfde argument gehuldig word.

11 Mazar klassifiseer (1990:463-464) stede in drie verskillende groepe naamlik: I. hoofstede, II. streek en militêre sentra en III. gefortifiseerde woonstede. De Geus (1984:141) sluit hierby aan, maar verdeel hierdie drie groepe stede, op grond van Ou-Testamentiese gegewens, in ses verskillende groepe naamlik:

* Versterkte stede in 'n verdedigingsisteem: 2 Kron. 11:11-12; 17-12;
* Voorraadstede: 1Kon. 9:19; 2 Kron. 17:12, 32:28;
* Wa-stede, 1 Kon. 9:15-19; 10:26;
* Koninklike stede, Jos. 10:2; 1 Sam. 27:5;
* Vrystede, Num. 35:9-34; Deut. 4:41-43; 19:1-13; Jos. 20:1-9;
* Levitiese stede, Jos. 21; 1 Kron. 6;
* Industriële stede (Op grond van argeologiese gegewens kan by hierdie ses groepe stede ook industriële stede toegevoeg word, De Geus 1984:142);
* De Geus (1984:143) maak 'n verdere onderskeid tussen administratiewe- en woonstede. Indien stede soos Lagis of Megiddo vergelyk word met Tel en Nasbe, Beth-Semes of Berseba is dit duidelik dat die administratiewe funksie die woon funksie van die stede oortref. Samaria val ook op omdat daar nog geen wyke gevind is waar die gewone mense gewoon het nie. Hiervolgens lei De Geus (1984:143) af dat hierdie stede primêr gebou is vir hul administratiewe en militêre funksies. Hierdie interpretasie is egter problematies, want

stede meestal nie meer as twee poorte gehad nie (Frick 1977:83; Herzog 1992c:269). Hierdie twee poorte was direk met mekaar verbind om die ingang tot die stad te beveilig.

Die buitenste poort was geleë aan die voet van die heuwel en is deur 'n oprit, wat beskerm was met mure aan weerskante, met die binneste poort verbind wat geleë was op die rand van die vesting. Hierdie poort is so gebou dat die naderende vyand met sy onbeskermde regtersy parallel met die muur moes loop. Dit het beteken dat die vyand aangeval kon word vanaf die stadsmuur en torings by die poort voor hulle die stad kon binneval. Hierdie argitektoniese beplanning is 'n goeie voorbeeld hoe die poortkompleks gedien het as beskerming vir die stad. Sulke poortkomplekse het voorgekom by Dan, Megiddo, Tirsa, Geser en Lagis (Mazar 1990:467).

Die deurgang deur die poort was gewoonlik reguit, omdat die poort geskik moes wees vir die deurgaan van strydwaens. Daar het wel in Israel die Z-vormige deurgang voorgekom (sien Figuur 1, B). Hulle was groot genoeg gebou sodat die strydwaens met gemak daar kon deurry. Omdat die poort die swak punt in die stad se beskerming was, het dit oor die volgende bykomstighede beskik:

- Die poort is so gebou dat die naderende vyand met sy onbeskermde regtersy parallel met die muur moes loop. Die skild is gewoonlik in die linkerhand gehou en die wapen in die regterhand.
- Die stadspoorte is meestal opgerig waar die stadsmure 'n hoek maak. In só 'n geval is beter flank verdediging moontlik.
- Soms word daar voor die hoof poort 'n groot vrystaande toring gebou. Saam met die twee torings van die poort, kon die vyand nou van voor, agter en bo aangeval word[12].
- Die wagkamers aan weerskante van die poort het 'n groot rol in die verdediging gespeel.
- Elke poort het oor 'n dubbele deur of hek van hout beskik wat dit beskerm het. Hierdie deure of hekke het na buite oopgemaak om te verhoed dat dit deur die stormram rammei kon word. Volgens die Balawat opgrawings was die poort deure soms met koper bedek. Hierdie koper het verdere besker-

die stede se rol in handel en distribusie van voorraad moet nie onderskat word nie.

12 De Geus (1996:224) toon dat die vertikale aspek van stadspoorte prominent was in die ikonografie. In hierdie opsig het die torings by die stadspoort 'n belangrike funksie vervul. Vir verdere bespreking van die ikonografie van die stad en stadspoort sien. Bleibtreu (1990:37-44), Albenda (1980: 222-229) asook Uehlinger(1987:153-165).

ming aan die stadspoort verleen, maar ook 'n ideologiese funksie vervul (De Geus 1984:38).

- Ikonografiese aanduidings ten opsigte van stede dui aan dat daar dikwels 'n houtkonstruksie op die poort en muur gebou is wat oor die muur steek en vanwaar kokende olie/teer of klippe op die vyand neergegooi is (De Geus 1984:32 en Yadin 1963:325-327).

Omdat die poort 'n opening in die muur gevorm het, het die dreinering van die stad daar plaasgevind. Daar was 'n kanaaltjie onder die plaveisel by die poort om die water uit die stad te dreineer (De Geus 1984:39).

Buiten die stadspoort was daar ook nog ander kleiner deurgange in die muur wat versteek was. Hierdie deurgange is meestal gebruik deur veeboere of landbouers wat in die oggend vroeg die stad moes verlaat (De Geus 1984:41). Hierdie tipe deurgang was meestal in die vorm van 'n tweekamer stadspoort en het slegs as deurkosyn gedien.

2. Herzog (1992c:272) is van mening dat die funksie van die drie poortkamers gedurende die Yster II-periode alleenlik verstaan kan word binne die sosiale sfeer. Dit is duidelik dat die aanwending van hierdie kamers nie slegs militêr kon wees nie, omdat dit meer effektief sou wees om die buitenste muur van die poort dikker te bou.

Die paar kamers die naaste aan die opening van die poort was die area waarin die poortdeure oopgemaak is (Herzog 1992c: 272). Hierteenoor is de Geus (1984:39) weer van mening dat die deure na buite oopgemaak het. Indien die deure oop was, het dit die grootste gedeelte van die eerste paar kamers bedek. Hieruit kan afgelei word dat die tweekamer-poort meestal 'n militêre funksie vervul het, naamlik om die wagte snags of in tye van oorlogvoering te verdedig en om bedags of in tye van vrede die poortdeure te huisves (Herzog 1992c:272).

Hierteenoor is by die vierkamer-poort die ekstra paar kamers aangewend vir sosiale aktiwiteite. Die opgrawings by Berseba (Stratum II) bevestig hierdie afleiding waar afgepleisterde banke in die agterste paar kamers naaste aan die plein gevind is. Hiervolgens het die seskamer-poort die grootste klem op die sosiale funksie daarvan geplaas. Hoewel die eerste paar kamers deur die poortdeure geblokkeer was, is die ander twee paar kamers aangewend vir sosiale aktiwiteite gedurende vredestye (Herzog 1992c:272).

- De Geus (1984:41) en Otto (1995a: 191-195) beskryf die poort as die hart van die stad. Dit was die plek waar almal moes in- en uitgaan en waar

inwoners mekaar ontmoet het. In 'n sekere mate het die konsentrasie van die militêre-, politieke- en handelsbedrywighede daar plaasgevind. Sowel buite as binne die stad word daar aan beide kante van die poort 'n plein aangetref. Hierdie pleine het heel moontlik as mark gedien (2 Kon. 7:1) (Otto 1995a:193-196).

- Herzog (1992c:272) asook Mazar (1990:470) is van mening dat van die kamers in die seskamer-poort ook aangewend is vir handeldoeleindes. Bedags het die handelaars hul ware uitgestal en saans is dit opgepak en die poort is omskep in 'n militêre fort (Otto 1995a:193-196).
- By sommige stede word daar klipbanke en klein altaartjies in die poort aangetref (byvoorbeeld Tel Dan). Dit kon heel moontlik 'n sentrale rol in die kultus vertolk (2 Kon. 23:8) of as troon of podium dien vir die koning of 'n amptenaar (Mazar 1990:469).
- Die poort was ook die plek waar die oudstes van die stad bymekaar gekom het om regspraak te lewer (Otto 1995a:195-196) en die burgerlike reg te onderhou (Deut. 21:19, 22:15; Jes. 29:21; Am. 5:12; Rut 4:1-11) (Otto 1995a:189-191), waar besigheidstransaksies beklink is, waar kontrakte voor getuies geteken is, waar die profete geprofeteer het en waar die koning die inwoners bymekaar gemaak het om aan hulle te verskyn (1 Kon. 22:10, Jes. 29:21. Am. 5:10, Jer. 38:7; 2, 2 Kron. 32:6) (Herzog 1992c:272; Mazar 1990:470; Otto 1995a:191-193).

Die poort was inderdaad die sentrum van die stad met sy sosiale, juridiese, militêre en ekonomiese funksie (De Geus 1984:4 en Herzog 1992c:272).

## GEVOLGTREKKING

In die Ou Nabye Ooste het die stadspoort deel gevorm van die stad se fortifikasie netwerk. In die netwerk was die stadspoort die swak punt, maar ook die mees imposante bouwerk. Omdat die poort geklassifiseer word as fortifikasie, lei dit tot die gevolgtrekking dat dit uitsluitlik vir sekuriteit of militêre doeleindes aangelê is. Vanuit hierdie gevolgtrekking sien baie geleerdes 'n ontwikkeling in fortifikasie vanaf die seskamer- na die vierkamerpoort. Hierdie ontwikkeling word direk gekoppel aan die ontdekking van die stormram deur die Assiriërs.

Hierteenoor het die skrywer die standpunt ingeneem dat die seskamer- en vierkamerpoort gesamentlik voorgekom het en dat dit nie moontlik is om so 'n nougesette ontwikkeling gedurende die Yster II-tyd te handhaaf nie. Die

vorm en funksie van die stadspoort is 'n kompromie tussen militêre en sosiale faktore en is die gevolg van die kultuur en geografie waarbinne dit voorkom.

## Bibliografie

Albenda, P

1980. Syrian-Palestinian Cities on stone. *Biblical Archaeologist* 43, 222-229.

Childe, V G

1950. The urban revolution. *Town Planning Review* 21/3, 3-17.

De Geus, C H J

1984. *De Israëlitische stad.* Kampen: J.H. Kok.

1986. The profile of an Israelite city. *Biblical Archaeologist* 49/4, 224-227.

De Vaux, R

1973. *Ancient Israel. Its life and institutions.* Second edition. London: Darton, Longman & Todd.

Deist, F E & Le Roux, J H

1987. *Revolusie en Reïnterpretasie.* Die literatuur van die Ou Testament, Deel 4. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Dever, W G

1997. Gezer, in: Meyers, EM (red) 1997. *The Oxford encyclopaedia of archaeology in the Near East* vol 2, 396-400. New York: Oxford University Press.

Eisenstadt, S N & Shachar, A

1987. *Society, culture and urbanization.* California: Sage Publications.

Evans, G

1962. Gates and streets: Urban institutions in Old Testament times. *The Journal of Religious History* 2/1, 1-12.

Finkelstein, I & Ussishkin, D

1994. Back to Megiddo. *Biblical Archaeology Review* 20/1, 25-49.

Finkelstein, I

1996. The Archaeology of the United Monarchy: an alternative view. *Levant* 28, 177-186.

Frick, F S

1977. *The city in Ancient Israel.* Michigan: The Society of Biblical Literature.

1997. Cities, in: Meyers, EM (red) 1997. *The Oxford encyclopedia of archaeology in the Near East* vol 2, 14-25. New York: Oxford University Press.

Fritz, V

1995. *The city in Ancient Israel.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Herzog, Z

1986. *Das Stadttor in Israel und in den Nachbarländern.* Mainz Am Rhein: Philipp Von Zabern.

1992a. Cities, in: Freedman, DN (red) 1992. *The Anchor Bible Dictionary* vol 1, 1031-1043. New York: Doubleday.

1992b. Fortifications, in: Freedman, DN (red) 1992. *The Anchor Bible Dictionary* vol 2, 844-852. New York: Doubleday.

1992c. Settlement and Fortification Planning in the Iron Age, in. Kempinski, A & Reich, R (reds) 1992. *The Architecture of Ancient Israel. From the Prehistoric to the Persian periods*, 231-274. Jerusalem: Israel Exploration Society.

1997. Fortification, in: Meyers, EM (red) 1997. *The Oxford encyclopaedia of archaeology in the Near East* vol 2, 319-326. New York: Oxford University Press.

Koehler, L & Baumgartner

1990. *Hebräisches und Aramäisches Lexikon* vol III, IV. Leiden: E.J. Brill.

Levy, T E & Holl, F C

1995. Social change and the archaeology of the Holy Land, in: Levy, T (red) 1995. *The archaeology of society in the Holy Land*, 2-8. London: Leicester University Press.

Mazar, A

1990. *Archaeology of the land of the Bible 10,000-587 B.C.E.* London: Doubleday.

Olivier J P J

1994. Kantaantekeninge ten opsigte van die sosio-ekonomiese opset tydens die regering van koning Manasse van Juda. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* XXXV/2:171-184.

1996. Spatial awareness: An essential element of historical understanding in Old Testament studies. *Old Testament Essays* 9/2, 249-260.

Oppenheim, A L

1964. *Ancient Mesopotamia.* Chicago: University of Chicago Press.

Otto, E

1989. עִיר, in: Fabry, HJ & Ringgren, H 1995 (reds). *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament* vol VI, 56-74. Stuttgart: W. Kohlhammer.

1995a. Zivile Funktionen des Stadttores in Palästina und Mesopotamien, in: Görg, M (red) 1995. *Ägypten und Altes Testament. Studien zu Geschichte, Kultur und Religion Ägyptens und des Alten Testaments,* 188-197. Wiesbaden: Otto Harrassowitz.

1995b. שַׁעַר, in: Fabry, HJ & Ringgren, H 1995 (reds). *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament* vol VIII, 358-403. Stuttgart: W. Kohlhammer.

Patte, D

1975. *Early Jewish Hermeneutic in Palestine.* Montana: Scholars Press.

Pienaar, D N

1981. The role of fortified cities in the Northern Kingdom during the reign of the Omride Dynasty. *Journal of Northwest Semitic Languages* IX, 151-157.

Shanks, H

1987. Face to face: Biblical Minimalists meet their challengers. *Biblical Archaeology Review* 23/4, 26-66.

Uehlinger, C

1987. Zeichne eine Stadt ... und belagere sie! Bild und Wort in einer Zeichenhandlung Ezechiels gegen Jerusalem (Ez 4f), in: Kühler, M & Uelinger, C (reds) 1987. *Texte - Bilder - Steine,* 111-200. (Novum Testamentum Et Orbis Antiques 6). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Ussishkin, D

1980. Was the "Salomonic" city gates at Megiddo built by King Solomon? *Bulletin of the American School of Oriental Research* 239, 1-18.

Wheatley, P

1972. The concept of urbanism. in: Ucko, PJ, Tringham, R & Dimbleby, GW (eds) *Man, settlement and urbanism,* 601-637. London: Duckworth.

Wright, G R H

1985. *Ancient Buildings in South Syria and Palestine.* 2 Volumes. Leiden: E.J. Brill.

Yadin, Y

1963. *The art of warfare in Biblical lands in the light of Archaeological discovery.* London: Weidenfeld and Nicolson.